

Hoofstuk van die dag: Ester 2

Dié meisie was mooi, sy was baie mooi. (vers 7)

Die Bybel sê Ester was baie mooi. Maar dis nie al wat die Bybel vir ons van haar vertel nie. Ester was nie net mooi van buite nie. Sy was veral ook mooi van binne. Ons lees sy het ’n goeie indruk gemaak op almal wat haar gesien het (vers 15).
Dit was Ester se geheim. Sy was tussen baie ander mooi

meisies, maar sy staan uit, want sy was van binne ook mooi. G’n wonder nie dat sy die kompetisie loshande gewen het. (vers 17)
Die belangrikste ding wat iemand van jou kan sê, is nie dat jy mooi is nie. Die belangrikste wat mense van jou moet kan sê, is dat jy van binne mooi is. Want as jy van binne mooi is, dan wys dit op jou gesig, want dit wys wie jy eintlik is.
In 1 Petrus 3:3,4 staan: “Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde.”
Dit geld vir ons almal; mans ook. Uiterlike dinge kan nie opweeg teen dit wat in jou is nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026